Die voorsitter van die Gemeenteraad

As voorsitter van die Gemeenteraad mag alleen ‘n ongesensureerde, ingeskrewe, belydende lidmaat van die gemeente dien. Oor hierdie persoon moet daar goeie getuienis wees vir sover dit sy/haar leer en lewenswandel aangaan.

Wat is die verantwoordelikheid van die voorsitter?

Die voorsitter van die Gemeenteraad se verantwoordelikhede behels onder andere die volgende:

- Die reël van Gemeenteraad vergaderings saam met die Skriba
- Die samestelling van die sakelys vir Gemeenteraad vergaderings saam met die skriba
- Die hou van orde en dissipline by vergaderings
- Kontroleer die nakoming van besluite van die Gemeenteraad saam met die betrokke Bestuursgroep
- Dra die beslissende stem by die staking van stemme
- Tree as woordvoerder van die Gemeenteraad op
- Tree by gepaste geleenthede as verteenwoordiger van die NG Gemeente Montana op
- Onderteken goedgekeurde dokumente (kontrakte, verklarings, ens) namens die NG Gemeente Montana
- Onderteken die goedgekeurde notules van vergaderings saam met die skriba
- Onderteken die NG Gemeente Montana se jaarlikse finansiële state saam met die skriba
- Neem fidusiêre verantwoordelikheid saam met die ander persone wat deur die Gemeenteraad daartoe benoem is.
- Stel hom/haarself beskikbaar om ad hoc take te verrig soos deur die Gemeenteraad versoek
- Die voorsitter van die Gemeenteraad tree in belang van die Gemeente en Gemeenteraad op en is nie per se in ‘n uitvoerende bestuurshoedanigheid nie. Alle handelinge en optredes van die voorsitter geskied binne die korporatief van die Gemeenteraad en die vooraf goedkeuring daarvan deur die Gemeenteraad (of die Dagbestuur van die Gemeenteraad)

Termyn van diens

- Die termyn as voorsitter van die Gemeenteraad is twee jaar om kontinuïteit te verseker.
- ‘n Persoon mag nie vir meer as twee opeenvolgende termyne verkies word nie.

Hoe vind die verkiesing plaas?

- Die verkiesing van die voorsitter van die Gemeenteraad vind plaas so gou as moontlik nadat die persoon se termyn van diens verstryk het, of hy/sy bedank het.
- Die verkiesing van die voorsitter van die Gemeenteraad is ‘n inklusiewe proses, waar die hele gemeente die geleentheid het om persone te nomineer.
- Die verkiesing van die voorsitter vind nadat nominasies gesluit het, deur die lede van die Gemeenteraad plaas.

Skedule en Prosedure van verkiesing

- By die ontstaan van die vakature (by beeïndiging van dienstydperk of bedanking) van voorsitter van die Gemeenteraad, moet die skriba van die Gemeenteraad onverwyld aan die lede van die Gemeenteraad kennis daarvan gee.
- Die onder-voorsitter van die Gemeenteraad neem waar as voorsitter, terwyl die vakature van voorsitter bestaan.
- Die Dagbestuur van die Gemeenteraad (tussen vergaderings), of die Gemeenteraad in sitting, bepaal die datums waarbinne die prosedure van die verkiesing plaasvind.
- Die skriba gee kennis aan die gemeente deur al die moontlike kommunikasiekanale van die gemeente van die vakature, asook die datum waarop nominasies vir voorsitter open en sluit.
- Nominasietydperk strek vanaf opening op ‘n gegewe Sondag oor drie Sondae om op 13:00 van die laaste Sondag daarvan te sluit (dus effektief ‘n tydperk van 15 dae).
- Die skriba verseker dat die nominasievorm ontwerp en beskikbaar gestel word (in die konsistorie en kerkkantoor) op die dag wat die nominasietydperk open en beskikbaar bly tot die sluitingsdatum.
- Die nominasievorm moet voorsiening maak vir die volgende inligting van die genomineerde:
  - ☐ Volle name
  - ☐ Volledige adres
  - ☐ Typerk van lidmaatskap in die NG Gemeente Montana
  - ☐ Bevestiging dat die genomineerde bereid is om in die hoedanigheid as Voorsitter van die Gemeenteraad te dien, met handtekening.
  - ☐ Die nomineerder se besonderhede moet ook op die vorm verskyn.
- Nadat die nominasietydperk gesluit het, kontroleer die skriba die volledigheid en korrektheid van inligting en dat elke genomineerde ‘n ongesensureerde lidmaat van die gemeente is.

- Na suiwering, konsolideer die skriba die nominasies wat ontvang is op ‘n enkele nominasielys wat binne 7 dae vanaf sluiting van nominasies aan al die lede van die Gemeenteraad versprei word.
- Verkiesing van die voorsitter van die Gemeenteraad vind plaas binne 14 dae nadat elke lid van die Gemeenteraad die nominasielys ontvang het, by wyse van ‘n gewone of buitengewone vergadering van die Gemeenteraad.
- Verkiesing vind per geslote stembrief plaas. Geen stemwerwing word toegelaat nie.
- Die voorsitter van die Gemeenteraad word met volstrekte meerderheid van stemme verkies
- Die nuwe voorsitter neem onmiddelik die verantwoordelikhede soos genoem, op.
- Aankondiging van die verkose voorsitter word by die eersvolgende Sondag tydens die eredienste aan die gemeente gemaak.

Bevestiging van die Voorsitter van die Gemeenteraad

Die voorsitter van die Gemeenteraad word as ouderling in die gemeente bevestig soos per die Kerkorde reëlings